



Verwysing: 20170705-2654
13/2/2/2/25
Navrae: GH Foster

Assesseringsbestuurminuut: 0011/2017

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunkhoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders; Vakadviseurs en Hoofde van alle opvoedkundige inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

Onderwerp: Administrasie van die Algemene Asseseringstaak (AAT) vir graad 12 Lewensoriëntering (LO) in 2017

1. Die *Regulasies betreffende die Afneem, Administrasie en Bestuur van die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen*, soos gepubliseer in Staatskoerant No. 37651 van 16 Mei 2014, maak voorsiening vir 'n finale bevorderingspunt vir Lewensoriëntering (LO) gebaseer op interne assesering, wat ekstern gemodereer moet word, sowel as 'n Algemene Asseseringstaak (AAT) wat ekstern opgestel en gemodereer word.
2. Die doel van hierdie minuut is om skole van die prosedure in kennis te stel wat tydens die administrasie van die AAT vir LO in 2017 gevolg moet word.
3. **Die aflê van die AAT vir LO**
 - 3.1 Die AAT vir LO vorm deel van die finale bevorderingspunt in graad 12, en dus moet alle graad 12-leerders dit aflê.
 - 3.2 Die datum vir die aflê van die AAT vir LO is **08 September 2017**, vanaf **09:00 tot 11:00**. Enige afwyking van hierdie datum en tyd sal as 'n ernstige onreëlmatigheid beskou word.
 - 3.3 Die AAT vir LO sal uit 'n twee uur lange vraestel van 80 punte bestaan. Dit sal taak 4 in kwartaal 3 vervang en sal 20% van die finale punt vir LO uitmaak.
 - 3.4 Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) sal vraestelle en antwoordboeke vir die AAT vir LO vir alle graad 12-leerders in die provinsie druk, volgens die finale

registrasiedata wat op die Gesentraliseerde Onderwysbestuursinligtingstelsel (SOBIS) aangedui is, en dit aan alle skole versprei wat die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) aanbied.

- 3.5 By ontvangs van die vraestelle, moet prinsipale volle verantwoordelikheid as hoofopsieners aanvaar om te verseker dat alle voorwaardes en reëls ten opsigte van die NSS-eksamen, gevolg word.
- 3.6 Prinsipale moet die koevert op die dag van die eksamen in die teenwoordigheid van die leerders oopmaak en oor die verspreiding van die vraestelle toesig hou.
- 3.7 Prinsipale moet seker maak dat opsieners oplettend is terwyl die AAT vir LO geskryf word.
- 3.8 Na die aflê van die AAT vir LO, moet die antwoordboeke in die sak wat voorsien is, verseël, en in die skool se instapkluis gebêre word totdat die nasienproses begin.

4. Nasienriglynbesprekings

- 4.1 Nasionale en provinsiale nasienriglynbesprekingsvergaderings sal vanaf 13 tot 20 September 2017 plaasvind.
- 4.2 Die finale nasienriglyn sal teen 21 September 2017 aan alle onderwysers voorsien word, en antwoordboeke mag slegs op die dag wat die nasien begin, uit die instapkluis verwyder word.

5. Nasien van die AAT vir LO

- 5.1 Die nasien van die AAT vir LO moet by die skool onder die toesig van die prinsipaal uitgevoer word, met 'n senior onderwyser of 'n Hoof van die Departement (HvD) wat as die interne moderator optree.
- 5.2 Die nasienproses moet op 22 September 2017 begin en moet teen 29 September 2017 afgehandel wees.
- 5.3 Waar daar meer as een onderwyser is wat LO by die skool onderrig, moet prinsipale verseker dat die onderwysers nie die antwoordboeke van hul eie leerders nasien nie.

6. Moderering van leerderbewys

- 6.1 Ten minste 10% van die nagesiene antwoordboeke moet deur 'n senior onderwyser of 'n HvD gemodereer word.

6.2 Die vakadviseur vir LO moet 'n paar antwoordboeke van geselekteerde skole modereer.

6.3 Provinsiale en nasionale moderering van die AAT vir LO sal vanaf 02 tot 04 Oktober 2017 plaasvind.

7. **Vaslegging van punte vir die AAT vir LO**

7.1 'n Spesiale punteblad sal aan skole, vir die vaslegging van punte uitgereik word. Die punteblad sal **bykomend** wees tot die gewone punteblad wat vir LO voorsien word.

7.2 Die AAT vir LO-punteblad moet saam met die res van die punteblaaië vir skoolgebaseerde assessering aan die WKOD gestuur word.

8. Prinsipale word vriendelik versoek om die nodige reëlings vir hierdie assessering te tref.

9. Bring asseblief hierdie inligting onder die aandag van alle Lewensoriënteringonderwysers en -leerders vir graad 12.

GETEKEN: PAD BEETS

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR

DATUM: 2017-07-25